

Woensdag 26 Februarie

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 31:1-21

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 31:2, 21; Heidelbergse Kategismus Sondag 50

Die erediens is daar om God te soek!

Hiskia is 'n egte Gereformeerde. Hy gaan voort om te reformeer, om terug te vorm soos wat die Here dit voorskryf. Nou konsentreer hy op die instandhouding van die erediens. Hy begin by die dienswerk van die priesters en die Leviete, wat deur die HERE gegee is vir sy kerk, “*in die poorte van die laers van die HERE*” (vs 2, 1933/53-vertaling).

Die doel van die dienste (ampte) is om die kerkvolk voor te gaan in hulle dienswerk, naamlik om te dien, om te loof en te prys, om te dank en om God te soek. Dit is tog waaroor dit ook in vandag se erediens gaan – die dominee, ouderling en diaken is voorgangers in die gemeente, in diens van God. Die hele ontmoetingsbyeenkoms is om in ons hulpverklaring en ook met ons gebede, sang, belydenis, voorlesings, kollekte en prediking vir die HERE te sê dat ons Hom wil dien, loof, prys en dank. Ons soek Hom op. Ons wil by Hom wees. Ons wil weer hoor wat Hy beveel en hoe Hy vir ons sorg en hoe Hy gedank wil word. Ons wil graag sý seën ontvang.

Een van die bevels wat die HERE gegee het, was die *Eerstelinge* (vs 5), ook genoem *Tiendes* (vs 6). Vandag praat ons van *Kerklike Bydraes*. Die HERE gee eers vir ons 'n oes (*ons daaglikse brood*) wat uit 'n verskeidenheid soorte inkomstes kan kom. Verse 5 en 6 praat van diere, koring, wyn, olie, heuning en alles wat die land opgelewer het. Ons sal vandag kan praat van winste, salaris, pensioen en diakonale versorgingsgelde wat ons ontvang het. Die HERE gee éérs, en dán verwag Hy dat ons in dankbaarheid die eerste gedeelte of tiende daarvan vir Hom moet teruggee.

Hierdie *Eersteling-dankoffer* word gebruik om die erediens (die diens tot eer van God) in stand te hou. Die dinge wat nodig is om byvoorbeeld die brandoffers en feeste te hou (vs 3). Vandag praat ons van die gebou, meubels, orrel, elektrisiteit, armversorging, brood en wyn. Vers 4: om die priesters en Leviete te versorg sodat hulle onbesorgd oor waar hulle daaglikse brood vandaan gaan kom, hulle “aan die wet van die HERE met al hulle krag kon wy”. Met ander woorde, die “*traktement*”.

Toe Hiskia die volk gewys het op hulle dankoffer, het hulle in getrouheid, goedheid, met hulle hele hart gegee *voor die aangesig van die HERE*. En die HERE se seën het nie uitgebly nie. Daar was oorvloed en voorspoed.

Nes in die Ou Testament, gee die HERE in Christus vandag nog in oorvloed. Hy verlos só dat ons méér as oorwinnaars is (Rom. 8:37), en dán eers eis Hy dankbaarheid en dat ons aan God welgevallige offers moet wees (Rom. 12:1)!

Sing: Psalm 100-1:1, 2, 3, 4

Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)